Mei 2019

Ligdraers

nuusbrief

Besoek aan die Sinode van die Lesotho Evangelical Church

Ds Fanie Spamer en dr Gideon van der Watt het onlangs die NG Kerk Vrystaat se groete aan die Lesotho Evangelical Church (LEC) in Lesotho gaan oordra. Die LEC is naas die Rooms Katolieke Kerk, die grootste kerk in Lesotho. Dis 'n Gereformeerde en lewenskragtige kerk, waarvan die oorsprong teruggaan na Franse sendelinge wat reeds in 1833 ('n paar jaar voor die Groot Trek!), in Lesotho en wat vandag die Oos-Vrystaat is, sendingstasies begin vestig het. Die Franse sendelinge was besonder begaafde mense wat 'n reusebydrae tot die vroeë ontwikkeling van die Vrystaat gemaak het. Die NG Gemeente Pellissier is byvoorbeeld na 'n nasaat van een van dié sendelinge vernoem.



Die historiese ou kerkgebou op die sendingstasie Morija in Lesotho.

Die LEC is die kerk met wie die NG Kerk die langste amptelike ekumeniese- of susterkerk-bande het. Reeds in 1852 het die Sinode van die NG Kerk, op voorstel van die jong dominee van Bloemfontein, die latere bekende dr Andrew Murray, besluit om die werk van die Franse sendelinge amptelik te ondersteun. Van die begin af, toe die Vrystaatse Sinode in 1865 byeen gekom het, het die Sinode dié werk finansieel en deur daadwerklike betrokkenheid ondersteun.

Hierdie kerklike bande het soms onder groot druk gekom. In die Vrystaat-Basoeto oorloë van die 1860's is van hierdie Franse sendingstasies deur die Boerekommando's afgebrand en hulle werk verwoes. Maar, die verhoudinge is uiteindelik weer herstel en tot in die 1950's was daar noue samewerking, op sinodes is oor en weer groete oorgedra en daar was 'n amptelike samewerkingsooreenkoms. Toe die LEC egter kritiese geluide laat hoor oor die NG Kerk se ondersteuning van Apartheid, het die NG Kerk die bestaande ooreenkoms in die 1960's verbreek en begin met die vestiging van 'n opponerende, eie Gereformeerde kerk in Lesotho. Genadiglik hou die Here sy kerk vas, meestal ten spyte van ons menslike feilbaarheid. Onlangs is die bande weer herstel en is daar weer 'n amptelike ooreenkoms tydens die Vrystaatse Sinode van 2017 onderteken. Die verhouding groei, hegte vriendskappe is gesluit en daar is ook al hoe meer samewerking met dié kerk se Teologiese Seminarium op Morija.

Dit was daarom heerlik om namens die Vrystaatse NG Kerk die groete by die Sinode te kon oordra. Die herstel van familiebande is dié dag hartlik en gasvry gevier. Allerlei opwindende planne vir nouer samewerking word reeds implementeer. By die sinodesitting het dr Gustav Claassen ook namens die Algemene Sinode groete kom oordra en prof Christina Landman namens die VGKSA.

Prof Christina Landman (VGKSA), dr Gustav Claassen (NGK Algemene Sinode – Algemene Sektretaris), ds T Masemene (LEC Moderator), ds Fanie Spamer (Voorsitter Vennote in Getuienis), ds Nelson Posholi (Uitvoerende Sekretaris LEC) en dr Gideon van der Watt (Sekretaris Vennote in Getuienis)

Dr Dawid Kuyler gee klas in Lusaka

Omdat al die permanente dosenteposte deur die Vrystaatse Kerk uitfaseer is, het Vennote in Getuienis besluit om tog van tyd tot tyd dosente op 'n deeltydse basis na die Justo Mwale Universiteit te stuur. Tans gee dr Dawid Kuyler, vergesel van sy vrou Wilmien, daar klas in Kerkreg en Kerkgeskiedenis. Dr Kuyler was tot onlangs die Aktuaris van die VGKSA se Algemene Sinode. Hy is ook verbonde aan die

Departement Praktiese- en Missionale Teologie van die Vrystaatse Universiteit. Dr Dawid geniet die tyd daar en hy help ons baie om die verhoudinge steeds verder uit te bou. Hierdie betrokkenheid by die teologiese opleiding van die Reformed Church in Zambia is vir ons kerk van groot belang; dit is wedersyds geweldig verrykend. En ons verhouding met en diepe betrokkenheid by hierdie kerk strek immers so ver terug as 1899, die jaar toe die Boere-oorlog begin het en die eerste twee sendelinge as gestuurdes van die Vrystaatse kerk daar begin werk het.

Bo: Dr Dawid Kuyler besig om klas te gee
Onder: Dr Dawid Kuyler en sy vrou Wilmien in Lusaka

Harrismith bou kerke

Tydens 'n onlangse besoek aan Harrismith was dit regtig bemoedigend om tekens van groei en mooi samewerking tussen die NG Gemeentes daar en die VGKSA en NGKA te sien. Verteenwoordigers van dié drie kerke het tydens ons besoek daar indringend gesels oor nouer samewerking en versoening. En toe gaan wys hulle met trots die mooi kerkgebou wat enkele jare tevore deur die NGKA gemeente in die woonbuurt Tsiame opgerig is, asook die reuse en deftige nuwe kerkgebou van die VGKSA in dieselfde woonbuurt. Dit was regtig 'n hoopgewende ervaring. Waar kerke in ons kerkfamilie meestal sukkel om voort te bestaan, is hier tekens van hoopvolle groei, entoesiasme en herstelde verhoudinge.

Bo: Samesprekinge tussen die NGK, VGKSA en NGKA gemeentes op Harrismith
Onder: Die mooi nuwe kerkgebou van die VGKSA op Tsiame word eersdaags ingewy

Biddag vir die Verkiesing

Op Vrydag 3 Mei, is daar 'n aangrypende ekumeniese biddag vir die verkiesing in die historiese Tweetoring Kerk gehou. Verteenwoordigers van 'n hele klomp kerke, onder leiding van die Suid Afrikaanse Raad van Kerke (Vrystaat), het ernstig saam gebid dat God vrede in ons land sal gee, leiers met visie en 'n diensvaardigheid sal daarstel, en geregtigheid en 'n veilige en voorspoedige toekoms vir ons almal sal laat aanbreek. Die teks uit 1 Timoteus 2:1-7 was die tema. Daar is weereens belewe hoe belangrik dit is dat kerke en Christene ook saam hul priesterlike en profetiese rol in ons gemeenskappe sal vervul.

'n Paar verteenwoordigers van kerke by die gebedsgeleentheid: Voor: Biskop Lucky Mochoari (Afrika Onafhanklike Kerke), eerw Vuyelwa Sebolao (Metodiste Kerk en ondervoorsitter van SARK), biskop Monty Mabale (Onafhanklike Kerke en voorsitter SARK); agter: Dr Arno van Niekerk (Christian Consensus SA), dr Gideon van der Watt (NG Kerk - Sekretaris SARK) en bishop Dintoe Letloenyane (Anglikaanse Kerk)

NG Kerk | Vennote in Getuienis
Vrystaat